

## **Sondag 19 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16**

### **Die Gees maak ons gelowig, vol liefde en dankbaar**

Hierdie tweede gebed van Paulus vir die Efesiërs vul sy eerste aan (Ef. 1:17-20). Daar is nog 'n hele skatkis van genadegawes wat die Heilige Gees aan ons kan en wil skenk as ons daarvan weet en daarom bid. Die volgende kragtige gawes word genoem:

- Geopende oë om die heerlikheid van die kerk te sien. Die kerk is 'n skepping van God – nie van mense nie. Daar is gelowiges op die aarde en in die hemel (siele van afgestorwenes). Saam vorm hulle deur die eeue 'n eenheid (vs 14, 15). Saam is hulle bruid van Christus.
- Die Gees maak ons innerlik kragtig sodat ons die sonde, die bose en die bose wêreld kan oorwin (vs 16). Die Gees skep hierdie oorwinning vir ons deur Christus in ons te laat woon. Wanneer Christus in ons woon, heers sy liefde en karakter in ons. Ons word soos Hy, doen soos Hy (vs 17).
- Nogtans sal ons nooit die volle mag, genade en liefde van Christus kan deurgrond of verkry nie. Dis te groot en wonderlik. So bid ons dan om al meer met sy volheid vervul te word. Christus skenk aan ons baie meer genade en heil as wat ons begrip of gebed kan bevat (vs 19-21).

So dank ons God elke dag vir krag, vrede en blydskap! Dis deel van die vrug van die Gees.

*Sing: Skrifberyming 20-2:1, 7*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*